REGULASIES / REGULATIONS

Ingevolge **artikel 11** van die Grondwet van die Vereniging word die volgende regulasies uitgevaardig:
The following regulations are promulgated in terms of **article 11** of the Constitution of the Association:

1. Die voorgeskrewe ledegeld is vooruitbetaalbaar.

   The prescribed membership fees are payable in advance.

2. Direkte gesinslede (eggenote, eggenoot en kinders wat nie selfonderhoudend is nie) wat aansluit betaal hoogstens 50% van die voorgeskrewe ledegeld.

   Direct family members (spouses, and dependant children) joining the Association pay no more than 50% of the prescribed membership fees.

3. 'n Registrasie fooi soos voorgeskryf is deur alle nuwe aansoekers betaalbaar, met dien verstande dat direkte gesinslede vrygestel word van die registrasie fooi.

   A registration as fee prescribed is payable by all new applicants provided that direct family members are exempted of the registration fee.

4. Lidmaatskap verval jaarliks op 31 Mei.

   Membership expires annually on 31 May.

5. Lede wat nie binne 3 maande na die vervaldatum lidmaatskap hernu nie, se lidmaatskap word hierdeur getermineer en sal summier sonder enige kennisgewing van die ledelys geskrap word.

   Membership is terminated if members do not renew their membership within 3 months after the expiry date and shall immediately be scrapped from the members list without any notification.

6. Pro rata betaling van ledegeld is nie toelaatbaar nie, met dien verstande dat indien 'n voornemende lid op of na 1 Januarie van die finansiële jaar aansluit, hy/sy 50% van die ledegeld vir daardie jaar betaal.

   Pro rata payment of membership fees is not allowed, provided that in the event of a prospective member joining on or after 1 January of the financial year, he/she is entitled to pay 50% of the membership fees for that year.

7. 'n Lidmaatskapsertifikaat word slegs aan 'n nuwe lid uitgereik wanneer die Uitvoerende Bestuur oortuig is dat aan die Grondwetlike vereistes vir lidmaatskap voldoen is en sy/haar ledegeld in die Vereniging se bankrekening inbetaal is of deur die sekretaris of tesourier ontvang is.

A membership certificate is issued to a new member only when the Executive Council is satisfied that there is compliance with the Constitutional requirements and his/her membership fees are paid into the Association's bank account or received by the secretary or treasurer.

8. Alhoewel lidmaatskapsertifikate eenmalig uitgereik word, mag dit slegs aangewend word om regte en/of voorregte te verkry indien die lid opbetaal is.

Although membership certificates are issued once only, it may only be used to obtain rights and/or privileges if a member is paid-up.

9. Lidmaatskapkaarte is geldig vir een jaar en word jaarliks aan lede uitgereik wanneer lidmaatskap hernu word.

Membership cards are valid for one year and are annually issued to members upon renewal of their membership.

10. Jaarliks, nie later nie as 30 November, stel die Sekretaris die Hoof: Sentrale Vuurwapenregister per brief in kennis van alle lede wie se lidmaatskap verval het.

Not later than 30 November each year the Secretary notifies the Head of the Central Firearms Registry in writing of all the members whose membership has lapsed.

11. Tydens die vergadering van die Uitvoerende Bestuur, wat plaasvind voor elke byeenkoms, rapporteer die Aktiwiteitskoördineerder skriftelik die besonderhede/reëlings van die byeenkoms aan die Uitvoerende Bestuur vir goedkeuring. Indien so ‘n vergadering nie plaasvind nie word sodanige besonderhede elektronies of per faksimilee aan die voorsitter of sekretaris gerapporteer.

At the meeting of the Executive Council preceding every activity the Activity coordinator reports the details/arrangements of the event to the Executive Council for approval. If such a meeting does not take place the reporting is done electronically or by fax to the chairman or secretary.

12. Volledige rekords moet deur die aktiwiteitskoördineerder en die assistent sekretaris gehou word van alle byeenkomste, die aard en omvang van die aktiwiteite, die bywoning daarvan asook die uitslae of resultate daarvan.

The activity coordinator and the assistant secretary shall keep complete records of all the events, the extent and nature of the activities presented, the attendance thereof as well as the results and output thereof.

13. Gades en afhanklike kinders van lede, wat nie ook lede van die Vereniging is nie en wat aan die Vereniging se aktiwiteite wil deelneem, moet die voorgeskrewe bedrag wat deur nie-lede betaalbaar is, betaal.

    Members' spouses and dependent children, who are not members of the association and who want to participate in the Association's shooting events, must pay the prescribed fee that is payable by non-members.

14. Gades en afhanklike kinders van lede, wat nie ook lede van die Vereniging is nie, is geregtig om kosteloos opleiding te ontvang wanneer dit deur die Vereniging aangebied word.

    Members' spouses and dependent children, who are not members of the association, are entitled to receive training free of charge whenever such training is presented.

15. Kinders onder die ouderdom van 16 jaar moet deur 'n ouer vergesel word tydens enige georganiseerde byeenkoms en skietdeelname sal onder toesig van die ouer plaasvind wat die volle verantwoordelikheid vir die kind se optrede dra.

    Children under the age of 16 years attending any organized event shall participate in a shooting event only under the control of a parent who takes full responsibility for the child's conduct.

16. Enige besoeker aan 'n georganiseerde byeenkoms mag as gas van 'n opbetaalde lid deelneem, met dien verstande dat die gas nie by meer as drie geleenthede mag deelneem nie en die voorgeskrewe baanfooie is telkens betaalbaar.

    A visitor may participate in an organized event only as a guest of a paid-up member, provided that (s)he may not participate on more than three occasions and that the amount of R30,00 is payable on each occasion.

17. Aansluiting van voornemende lede by die Vereniging geskied slegs volgens die goedgekeurde aansluitingsprosedure.

    Prospective members join the Association only in accordance with the approved membership application process.

18. 'n Aangewese komitee van die Uitvoerende Bestuur keur/toets voornemende lede volgens die goedgekeurde prosedure. Die komitee doen so spoedig moontlik daarna 'n aanbeveling aan die Uitvoerende Bestuur waarna 'n besluit oor elke aanbeveling gemaak word.

A committee of the Executive Council screens/tests prospective members in accordance with the approved procedure. As soon as possible thereafter the committee makes a proposal to the Executive Council where after a decision is taken about each proposal.

19. Klassifikasie as versamelaars, opgradering of hergradering na ‘n ander klassifikasie word deur die aangewese komitee volgens die goedgekeurde prosedure gedoen.

Classification as collectors and upgrading or reclassification to another classification is done by the committee in accordance with the approved procedure.

20. Alle besonderhede van lede en alle inligting wat deur aansoekers en lede verskaf is en word, word as vertroulik hanteer en sal slegs aan die SAPD en NAACCSA beskikbaar gestel word indien sodanige informasie amptelik benodig word.

All members’ details and all information supplied by applicants and members are treated as confidential and will be supplied only to the SAPS and NAACCSA should such information be required for official purposes.

21. Die Vereniging vereer sy lede soos volg:
The Association horours its members as follows:

23.1 ‘n Lidmaatskapsertifikaat word aan ‘n lid uitgereik nadat sy aansoek deur die Uitvoerende Bestuur goedgekeur en sy lidmaatskapgeld betaal is.

A membership certificate is issued to a member after his application has been approved by the Executive Council and he or she has paid membership fees.

21.2 ‘n Vyfjaar-lidmaatskapsertifikaat word uitgereik aan ‘n lid wat vir 5 jaar ononderbroke ‘n lid van die Vereniging is, mits sy lidmaatskapgeld opbetaal is.

A Five-year membership certificate is issued to a member whose membership fees are paid and who has been a member uninterruptedly for five years.

21.3 ‘n Tienjaar-lidmaatskapsertifikaat word uitgereik aan ‘n lid wat vir 10 jaar ononderbroke ‘n lid van die Vereniging is, mits sy lidmaatskapgeld opbetaal is.

A Ten-year membership certificate is issued to a member whose membership fees are paid and who has been a member uninterruptedly for ten years.

21.4 Daaropvolgende Tienjaar-lidmaatskapsertifikate word uitgereik mits die lid ononderbroke ‘n lid van die Vereniging was vir elke periode en sy of haar lidmaatskapgeld opbetaal is.

Subsequent Ten-year membership certificates are issued to a member whose membership fees are paid and who has been a member uninterruptedly for such periods.

21.5 Erelidmaatskap kan eenmalig aan ‘n lid toegeken word en gaan gepaard met die toekenning van die PWAV Erepenning en Erelidmaatskapsertifikaat, mits aan die volgende vereistes voldoen word:

Honorary membership, which is accompanied by the PAAA Honorary Medal and an Honorary Membership Certificate, may be awarded to a member, provided the following requirements are met:

21.5.1 Erelidmaatskap word eksklusief op meriete toegeken, aan nie meer as 2 lede per jaar nie.

Honorary membership is exclusively on merit awarded to no more than 2 members per year.

21.5.2 Die toekenning is eenmalig.

The award is unrepeatable.

21.5.3 Enige lid van goeie aansien kan ‘n ander lid vir die toekenning nomineer.

Any member in good standing may nominate another member for the reward.

21.5.4 Die toekenning kan slegs gemaak word met ‘n konsensusbesluit deur die Uitvoerende Bestuur na oorweging van alle nominasies op meriete.

The award shall only be made by a consensus decision by the Executive Council after having considered all nominations on merit.

21.5.5 Aan die goedgekeurde erelid word ‘n geraamde sitaat, die Erepenning en ‘n Erelidmaatskapsertifikaat tydens die eersvolgende Algemene Jaarvergadering oorhandig.

At the next Annual General Meeting the approved member will receive a framed citation, the Honorary Medal and the Honorary Membership certificate.

21.5.6 Met behoud van alle regte en voorregte word ‘n Erelid lewenslank van alle lidmaatskapgelde kwytgeskeld. Direkte gesins lede van die Erelid moet nog teen die voorgeskrewe tarief ledegeld betaal.

While retaining all rights and privileges, an Honorary member is exempted from all membership fees for life. Direct family members of the Honorary member must still pay the prescribed membership fees.

21.5.7 Feite wat ‘n rol kan speel en in aanmerking geneem kan word by oorweging van nominasies, sluit die volgende in:

The following facts may be taken into account when considering nominations:

a) Het die lid ‘n unieke en besondere bydrae tot die uitbou en bevordering van die PWAV, sy doelstellings en wapenversameling gelewer?

Did the member make a unique contribution to the development and furthering of the PAAA, its objects and firearms collection?

b) Kan die lid se bydrae as “beyond the call of duty” beskryf word?

Can the member’s contribution be described as “beyond the call of duty”?

c) Het die lid byvoorbeeld vir minstens 10 jaar op die Uitvoerende Bestuur gedien?

Has the member, for instance, served on the Executive Council for at least 10 years?

d) Het die lid ‘n innoverende bydrae gelewer wat tot ‘n nuwe dimensie en/of veld gelei het?

Has the member made an innovative contribution that led to a new dimension and/or field?